Horison Sorgsentrum

Kollekte en Kersfeespakkies

18 November 2019

Rietvallei het weereens besluit om die kollekte gelde wat ons gedurende die jaar se kampe in, te oorhandig aan die sorgsentrum. Maar buiten die bydrae is die kinders en personeel by Horison Sorgsentrum vir oulaas die jaar bederf met ‘n feestafel van eetgoed en geskenkies. Vir die kinders is weereens lekkergoed pakkies opgemaak. Die personeel het ook elkeen ‘n geskenkpakkie gekry.

Die kinders was baie opgewonde oor die “PARTY” want daar was weer onder andere kaaskrulle en koeldrankies op die tafel en in hul geskenkpakkie. Dit is werklik so kosbaar om daardie vreugde op hulle gesiggies te sien. Moenie die personeel se gesiggies miskyk nie!

Dankie aan almal wat dit moontlik maak om die spesiale oggend te kon laat gebeur.

Rietvallei Streek wens die personeel en elke kosbare kind by Horison Sorgsentrum ‘n baie Geseënde Kersfees toe!

Groete

Tjaart Klaasen

Foto’s: Marietjie Klaasen

Die aangehegte fotobeelde is “selfsprekend” van ons lekker kuier-oggend.